

14 Augustus

**Skrifgedeelte: Romeine 10:5-17**

**Fokusgedeelte: Romeine 10:17 (in die lig van vs. 14-16)**

### **Neig julle oor en hoor**

Hierdie Skrifgedeelte bring ons onder die indruk van die volle Bybelse betekenis van die prediking van die evangelie as die onvervangbare heilsmiddel waarvan die Heilige Gees gebruik maak om geloof te werk (HK v. 65). In en deur die prediking kom jy onder die indruk van hierdie krag van God.

In die eerste plek: Die bedoeling van die redenasie van Paulus in verse 14 en 15 is dat diegene wat die gepredikte Woord hoor, *Christus self* met hulle hoor praat deur die mond van mense wat deur Hom gestuur is. Dit is nie 'n willekeurige mens wat oor God praat nie, maar God Self wat aan die woord moet kom (1 Pet. 4:11). In die tweede Helvetiese Konfessie word uitdruklik bely dat die gepredikte woord die Woord van God Self is.

In die tweede plek: Daarom moet die *inhoud* van die prediking *die evangelie van Christus* wees (vs. 17). Dit moet die goeie boodskap van verlossing van sondes wees, met al die konsekwensies daarvan vir 'n nuwe lewe.

In die derde plek: Deur die prediking *gebeur daar werklik iets: geloof word gewerk*. Die prediking is nie bloot 'n praktiese opvoedkundige hulpmiddel om informasie oor te dra nie. Nee, dit is 'n geloofsnoodsaaklike heilsmiddel waarvan die Heilige Gees hom bedien om die heil in Christus mee te deel. Dit is die krag van God tot redding van elkeen wat glo (Rom. 1:16). Dit het ewigheidsbetekenis. Die Koninkryk van die hemele word deur die prediking van die heilige evangelie oop- en toegesluit (HK v. 84). Jy gee aan die goeie boodskap gehoor of nie, soos Israel van ouds (vs. 16).

In hierdie verwagting en verantwoordelikheid gaan ons kerk toe. Geloof kom tot stand en geloofsgroei vind plaas langs die weg van *hoor*, deur die gesproke woord bewustelik te ontvang. *So alleen word ware ge-hoor-saamheid gebore!*

*Sing: Psalm 95-1:4, 5 / Psalm 95-2:4*

*Dr. H Dijkstra (Emeritus)*